Anthony Holhs (14) gister saam met sy held, die blinde atleet Hein Wagner, in 'n Robinson R44-helikopter op die Wonderboom- lughawe in Pretoria. Foto: CRAIG NIEUWENHUIZEN

Sy vliegdroom word waar – saam met held

Elaine Swanepoel

Hy wou al in 'n helikopter vlieg sedert hy klein was en 'n speelgoed- militêre helikopter gehad het.

Anthony Holhs (14) se droom is gister bewaarheid toe hy op die Wonderboom-lughawe in Pretoria danksy die Reach for a Dream-projek in 'n Robinson R44-helikopter opgestyg het. Dít boonop saam met sy held, die blinde atleet Hein Wagner.

"Dit was die ervaring van 'n leeftyd. Dit was regtig *awesome* om die wind en die helikopter se skroewe hier bý jou ore te hoor en die adrenalien was oorweldigend," het Anthony, wat heeltemal blind is, gesê.

Hy het dit glad nie verwag nie en het amper flou geword toe hulle by die lughawe aankom en hy besef hy gaan saam met Wagner in 'n helikopter vlieg.

Anthony en Wagner het gesê die feit dat hulle blind is het darem gehelp dat die hoogte nie vir hulle 'n probleem was nie.

Anthony is heeltemal blind nadat kanker in sy linkeroog se retina gevind is toe hy vier was en dit na sy regteroog versprei het.

Ná chemoterapie en bestraling is hy genees, maar die kanker het teruggekom en osteosarkoom, 'n soort beenkanker, is vroeër vanjaar by hom gediagnoseer. Hy het reeds 'n knievervangingsoperasie ondergaan en ses van 21 chemoterapie-sessies gekry.

Ten spyte hiervan bly hy positief.

"Dis 'n moeilike pad wat voorlê, maar dit is nie ondraaglik nie," het hy gesê.

Wagner is vir hom 'n groot inspirasie en help hom om deur die moeilike tye te kom. "As ek op die hospitaalbed lê en wag om chemo te kry, dink ek aan Hein en als wat hy al reggekry het, al is hy blind. Ek hoop ek kan eendag soos hy wees," het Anthony gesê.